

Peter Verhelst en de bevraagtekening van die teken

Die kongrestema, die teken, roep dadelik die problematiek van die begrip “teken” op soos Derrida in sy kritiek op De Saussure uitgewys het. In een sy vroeë onderhoud (Derrida & Kristeva 1981) het hy reeds die begrip uitmekaargehaal en die noodsaaklikheid maar ook die problematiek van ‘n tweeledige siening van tekens uitgewys, nl. dat dit ons verlei om die radikale afwesigheid van die betekende te ontken. Daarom het Derrida die nie-tweeledige begrip “trace” voorgestel om “teken” te vervang – paradoksaal genoeg ‘n spoor of sleepsels van die afwesige “ding” waarvan die teken ‘n plaasvervanger is.

Peter Verhelst se bundel *Wij totale vlam* (Verhelst 2014) is ook radikaal gemoeid met aanwesigheid en afwesigheid. In ‘n onderhoud met Bart Vervaeck (Verhelst 2015) het hy verklaar dat “je bijna kunt schrijven over iets wat er wel is alsof het er niet meer is”. In hierdie bundel van hom het “missen” ‘n soort tema geword, wat hy nader omskryf as “een soort ontroosbaar verlangen naar een aanwezigheid zelfs als-tie er is”. Vir hom behoort kuns plekke te probeer skep waarin mense kan sit en dink of nie dink nie, veral in konfrontasie met die dood. Dit is vir hom nie ‘n soort terapie nie, maar eerder die skep van nuwe rituele op die basis van kuns.

Soos Gorus (2005) argumenteer, is Verhelst voortdurend besig om sy eie projek, nl. om die ervaring liggaamlik beeld te laat word, tee te werk en te ondermyn.

Om plekke van stilte en nuwe rituele binne onrustige openbare ruimtes te skep, was reeds die motivering agter die kunsprojek QNX (‘Kunstenaarskoppel maakt plaats voor stilte’ 2012) wat Verhelst saam met Maud Bekaert en ander kunstenaars van 2012 tot 2016 in Brugge georganiseer het. In sy verantwoording tot *Wij totale vlam* het Verhelst verduidelik dat “Weet je het nog?” en “Tegen het vergeten” geskryf is vir hierdie projek.

In my referaat gaan ek hierdie problematiek van woord, beeld en liggaam ondersoek in Verhelst se bundel *Wij totale vlam* (2014), en veral dan in bg. gedigte en gedigte soos “Wij (2)”, die slotgedigte van die bundel wat, volgens Verhelst, geïnspireer is deur die beeldhouwerk van Cristina Iglesias en die foto’s van Dirk Braeckman (Poëziecentrum 2015).

Bibliografie

- Derrida, Jacques, and Julia Kristeva. 1981. ‘Semiology and Grammatology’. In *Positions*, 17–36. London: Athlone Press.
- Gorus, Kim. 2005. ‘Het Oude Verhaal van Vlees En Woord; Taal Als (Anti)Lichaam in Het Werk van Peter Verhelst’. *Neerlandistiek.NL* 05 (01).
- ‘Kunstenaarskoppel maakt plaats voor stilte’. 2012. *Het Nieuwsblad*. 21 Maart 2012. <https://www.nieuwsblad.be/cnt/k63no724>.
- Poëziecentrum. 2015. Peter Verhelst leest gedichten geïnspireerd door het beeldend werk van Cristina Iglesias en Dirk Braeckman · Paukeslag. *Paukeslag - Digitaal platform voor levend poëzie-erfgoed*. Gent. <https://paukeslag.org/items/show/50282>.
- Verhelst, Peter. 2014. *Wij Totale Vlam*. Amsterdam: Prometheus.
- — —. 2015. *Onderhoud - genomineerdes vir die VSB-poëzieprijs 2015*. *Onderhoud deur Bart Vervaeck*. <https://paukeslag.org/items/show/50282>. <https://paukeslag.org/items/show/50282>.